

Maandag 1 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 1:1 – 6:24 (neem slegs 30 minute)

Oorsig oor Paulus se brief aan die Efesiërs: Christus (die Hoof) laat die kerk (sy liggaam) as 'n eenheid lewe

God skep met Christus se koms 'n nuwe eenheid, want die eenheid tussen mense onder die eerste hoof, Adam, het baie gou begin verbroekel: broer vermoor broer, oorloë kom! Die nuwe eenheid ontstaan deurdat mense 'n nuwe Hoof aanvaar, Jesus Christus. Deur hulle geloof in God smee die Heilige Gees die nuwe eenheid. Die nuwe eenheid word *kerk* genoem, 'n woord wat beteken "mense wat aan die Here behoort".

Die verhouding tussen die nuwe Hoof en die kerk is 'n intieme verhouding van 'n kop (hoof) tot 'n liggaam, die een wil nie sonder die ander leef nie. Die Hoof regeer die liggaam met groot liefde en sorg dat die liggaam as 'n eenheid werk waarin elke lid die ander nodig het.

God se plan is om deur sy uitverkiesende liefde mense onder een Hoof te verenig, en die Heilige Gees merk almal wat in Christus glo as die eiendom van Christus. Die kerk sluit alle volke en taalgroepe in en hulle word deel deur die aanvaarding van die evangelie en glo daarom in Christus. Die kerk moet die eenheid handhaaf deur met mekaar saam te lewe en te werk. Daarom is onderlinge verhoudinge belangrik, veral omdat die lidmate van die kerk deur geweldige magte aangeval word. Daarvoor het hulle 'n wonderlike verdedi-gings- en aanvalswapenrusting ontvang.

Loof God dat Hy sy Seun die Hoof van die nuwe mensheid, ons, gemaak het. Bely die sonde wat verdeeldheid bring in gemeentes en tussen kerkgemeenskappe. Bid dat ons eenheid bewaar sal word deurdat elkeen in 'n innige verhouding met Christus sal lewe.

Sing: Psalm 133:1, 2 (2001)

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)